
# Jesus Maak Die Verskil






**2020-11-15**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

## Inleiding

**Jesus het alles kom verander**

**Hy wil dit ook in jou lewe doen**

**‘n Ontmoeting met Jesus verander alles – Hy maak die verskil**



# Skrifgedeelte

- Joh 8:1-11 Die Owerspelige Vrou



- Joh 8:1 Maar Jesus het na die Olyfberg gegaan.
- Joh 8:2 En vroeg in die môre het Hy weer in die tempel gegaan, en al die mense het na Hom gekom, en Hy het gaan sit en hulle geleer.
- Joh 8:3 En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring.
- Joh 8:4 En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap;
- Joh 8:5 en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?
- Joh 8:6 En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe.

- Joh 8:7 Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi.
- Joh 8:8 En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe.
- Joh 8:9 En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het.
- Joh 8:10 En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?
- Joh 8:11 En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.

## 1. Die Prys Van Sonde Is Dood

- Sonde kom aan die lig

*Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood,*

- Moes sterf volgende die wet

*Lev 20:10 En as iemand owerspel doen met 'n man se vrou, owerspel doen met sy naaste se vrou, moet hy en sy wat owerspel doen, sekerlik gedood word.*

*Deu 22:22 As 'n man betrap word terwyl hy met 'n getroude vrou gemeenskap het, moet hulle altwee sterwe: die man wat met die vrou gemeenskap gehad het, en die vrou. So moet jy dan die kwaad uit Israel uitroei.*

## 2. Veroordeling

- Vrou word veroordeel deur die skrifgeleerdes en die Fariseërs.
- Oordeel ons dalk ook ander?

*Mat 7:5 Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal.*

## 3. In Jesus Se Teenwoordigheid

- Jesus draai die fokus om na die skrifgeleerdes en die Fariseërs.

*Joh 8:7 Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi.*

- Die aanklaers word nou die aangeklaagtes.
- Wat gaan aan in jou eie lewe?

## 4. Jesus Se Woorde

- Besef almal het gesondig

**Joh 8:9** En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe;

**Heb 4:12** Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

## 5. Alleen Saam Met Jesus

- Groot oomblik – Die vrou staan alleen voor die Een wat reg het om te oordeel.
- Jesus sonder enige sonde. Hy sal 'n klip kon gooi

***Joh 8:9*** *.....en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het.*

- Elke mens sal alleen met Jesus moet deel eendag.

***Rom 14:11*** *Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.*

## 6. Jou Sondes Is Vergewe

- Jesus wag tot almal weg is.
- Dit lyk soms of Hy nie aandag gee aan jou nie.
- Hy maak vry en vergewe sondes

***Joh 8:10*** *En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?*
***Joh 8:11*** *En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.*

***Mar 2:10*** *Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe*

## 7. Sondig Nie Meer Nie

- Jessu laat die vrou gaan met 'n waarskuwing:

***Joh 8:11*** *En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.*

***Jes 55:7*** *Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik.*

## 8. Dien Jy Nog Sonde?

***Rom 6:1*** *Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?*
***Rom 6:2*** *Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?*
***Rom 6:6*** *aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.*

# JESUS MAAK DIE VERSKIL

# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: 082 462 1282

**Bronne:** Die Bybel (1953); Matthew Henry Commentary; Living Bible; Amplified Bible;